COURT : Could we just make a note which machine we are playing on now and which one is going to be provided to the Court. (10)

MR YACOOB : The machine that is playing now is a Sanyo 7700. The one that will be given to the Court is a Sanyo 7100 and we will give Your Lordship readings for 7700 and thereafter 7100 respectively. Where we need to slow down the recording, what we would do is, we would stop at a particular point, record the counter numbers, make a careful note of the sound at which we stopped, move the tape to a slow down machine, do whatever we want to in terms of slowing down, move it back to where we stopped and transfer it to another tape recorder. Because the first dot of sound (20) has up to now been played on not the machine, not the 7700, unfortunately, the procedure will have to be started again. For the record side 1 of tape 1 of EXHIBIT 6, there is only one tape, will now be played again from the beginning from counter reading 000 on the Sanyo 7700. (Bandopname word gespeel)

Counter reading on the 7700 is 007. It corresponds to 006 on the 7100. I want to ask you some questions about the background. Do you agree that we played the tape now up to the point where speech breaks through. -- Dit is (30) korrek, ja.

Before the speech breaks through do you agree that there are the following sounds. Towards the end and virtually immediately before the speech breaks through you hear traffic noises very clearly and with some sort of muffled speech in the background and it seems clear from the background that the tape recorder is in a reasonably large room at that time? -- Ek hoor wel die geluide wat klink soos voertuie se geraas. Ek hoor agtergrondspraak en sover dit die grootte van die vertrek waarin die opname gemaak is aangaan, daaroor kan ek nie veel sê nie. Dit klink vir (10) vir my asof daar wel 'n mate van eggo by is. So, dit kan dalk wel 'n groot vertrek wees, maar hoe groot is nie duidelik nie.

Do you accept also that somewhat before the traffic noise there is a sound, it sounds in fact like a door closing? -- Ek kan nie seker wees daarvan nie. Miskien kan 'n mens weer luister daarna. As dit belangrik is. Daar is verskeie stampgeluide wat ek hoor. Ek is nie seker dat ek sal kan vasstel dat dit definitief 'n deur is nie. Ek kan sê daar is wel stampgeluide. (20)

And will you say that in the course of - I will withdraw that. AT the stage immediately before the voice is introduced do you agree that there is a certain depression of the existing sound on the tape? -- Bedoel u daarmee dat die klank sagter word?

Yes, but that is not a complete description. Beyond it becoming softer, it is the process of becoming softer combined with a small degree of distortion as if that sound, the existing sound has been sort of cut out? -- Wat bedoel u met "cut out"? Ek is nie seker wat u daarmee bedoel (30) nie.

You can leave that out for a moment. Do you agree that the sound, firstly you get it softer and there is a measure of distortion in the way in which the sound gets softer? -- Om daardie vraag deeglik te kan antwoord, sal ek graag weer na daardie gedeeltetjie luister.

We are starting to play it back again now at 005 on the 7700 which would also be 005 on the 7100 but what we will be doing now is, remaining until one mentions this further, examining the sound and remaining within this region between 005 and 007 for a while. It will be actually unnecessary (10) and perhaps undesirable to give counter numbers each time we stop and start.

MNR. JACOBS : Kan ek net miskien hier vra. As dit vergelyk word of die klank sagter word, kan h mens dan net, as die klank hier sagter word, kan h mens h vergelyking tref as h mens nie die klank oor die hele tydperk wat nou gespeel is luister nie. Ek weet nie of dit so is nie, maar ek dink net uit billikheid kan h mens dit so stel dat h mens wel h vergelyking kan maak of daar h sagter word aan die klank is.

MR YACOOB : We are giving some time. If that time is not (20) enough, obvioulsy the witness can ask for more and we can do that again. (Bandopname word weer eens gespeel) Did you hear that? -- Ek het daarna geluister. Ek kan nie saamstem met die deel dat die klank sag word nie. Ek stem wel saam dat daar h oorgang is van die een klank tipe na die nuwe tipe, naamlik diespraak en dat gedurende die oorgang daar wel sekere geluide by kom op die band wat miskien ook as distorsie of vervorming beskryf kan word.

The next thing we would like you to do is to listen to that sound again and look at the patterns on the oscillo- (30) scope at the same time. (Bandopname word weer eens gespeel)

Have you seen that on the oscilloscope? -- Die ossilloskoop wat hier opgestel is, wys op die oomblik geen aanduiding van die klank wat gespeel word nie en daarom kon ek geen vergelyking tref nie.

(Bandopname word verder gespeel) Have you been able to look at it now? -- Ekskuus, ek het nie nou aandag daaraan gegee nie.

HOF : Ek dink u moet die proses herhaal met u oorfoon kyk.

(Bandopname word weer eens gespeel)

MR YACOOB : You have now listened to it without headphones (10) then you have looked at the patterns on the oscilloscope and thereafter you have listened to it by the use of headphones. Is that right? --

HOF : Dit is nie heeltemal korrek nie. Daar is nou geluister met 'n kopstuk aan terwyl daar gekyk is na die ossilloskoop. Voorheen was daar gekyk met 'n kopstuk, maar die ossilloskoop was nie in werking nie.

MR YACOOB : Now, would you say that one of the things that happened virtually immediately before the speech starts, is that there is a depression of sound, the sound becomes softer (20) and somewhat distorted and I agree with you as if the sound was recorded there and that the recording has been placed on top of it. Is that correct? I suggest to you that is what it sounds like. -- Ek probeer nou net myself oriënteer. Hier is nou meer as een vraag gelyktydig.

HOF : Die vraag wat vir my van belang is nou, toon die ossilloskoop dat onmiddellik voordat die toespraak begin die klank sagter word? -- Ja, daar is 'n deeltjie voordat die spraak begin waar die klank sagter word.

MR YACOOB : And is the position that you were not able (30) yourself to hear that sound softening up? Or becoming softer.

-- Nee, wat ek daar waarneem is dat klank sagter word omdat daar 'n afwesigheid is van klank. Met ander woorde, die rede waarom die ossilloskoopvertoning laer vertoon op daardie is omdat daar op 'n sekere plek geen klank is nie en dit is iewers tussen waar die oorgang van die ou klank begin en die nuwe klank aan die gang kom. 'n Spreker wat praat net nadat die klank begin, praat soos normaal, met pouses in sy spraak en dit stil gedeeltetjie interpreteer ek as 'n deel van daardie persoon se spraak wat opgeneem word, maar dit is 'n stildeel-tjie met ander woorde, dit is een van die pouses in sy spraak. (10) Ek wil dit net by noem op hierdie stadium dat dit baie moeilik is met 'n ossilloskoop wat 'n kontinue vertoning gee soos hierdie deur luistering daarna met oorfone om 'n akkurate beskrywing te gee van wat presies op 'n sekere stadium gebeur. Die tegniek wat ek normaalweg volg is om 'n stukkie van die spraak te isoleer met behulp van toerusting wat ek reeds voorheen beskryf het waar ek twee en 'n half sekondes van die spraak in 'n digitale geheue inlees... (Mnr. Yacoob kom tussenbei)

I take it from that that in the course of the examination of the change over last night you did not isolate the area (20) feeded into the digital endless loop and analyse it thereafter?

-- Kan dié vraag net 'n oomblik oorstaan. Ek was nog besig om my vorige antwoord uiteen te sit.

HOF : Antwoord net eers die vorige vraag. - Met die tolk tussenin moet daar noodwendig pouses wees. Dan kan daar verwarring ontstaan of 'n mens klaar is. Met die sisteem van my het ek gesê kan ek twee en 'n half sekondes stoor en enige deel daarvan kan dan bekyk word op die ossilloskoop en beluister word op so 'n manier dat daardie deeltjie wat bekyk en beluister word voortdurend herhaal. Dit kom dus neer daarop dat 'n (30) mens 'n stilstaande prentjie kan kry en vorentoe en agtertoe

... / kan

kan beweeg oor die gedeelte wat van belang is. Op dié wyse kan h mens veranderinge in die ossilloskooppatroon baie duidelik waarneem en dit presies korreleer met klank wat waargeneem word.

MR YACOOB : Do I understand from this that in your more careful examination of that change over last night, you did not use the digital endless loop? -- Dit is korrek. Ek het dit nie gisteraand gebruik nie, maar ek het dit wel by vorige geleenthede gebruik.

But you cannot remember exactly what your oscilloscope (10) showed you because you look at so many oscilloscope findings? -- Ek kan onthou. Om die waarheid te sê ek het voor my h foto wat ek destyds geneem het van daardie spesifieke stukkie op die ossilloskoop.

And it is a photo which is not part of the report. Is that correct? -- Dit is korrek. Ek het baie meer foto's geneem as wat ek ingesluit het in my hoofgetuienis.

HOF : Wat vertoon die foto? -- Die foto vertoon dat daar h stil deeltjie is net voordat die spraak begin. Ek moet eintlik nie sê h stil deeltjie nie. h Stillere deel. h Deel waar die (20) klank sagter word.

MR YACOOB : Do you remember - can you identify by listening to the sound - I withdraw that, what time segment does that photograph cover? -- Die foto wat ek hier voor my het bevat die een sekonde - dit is h een sekonde tyd segment in die omgewing waar die verandering plaasvind. Dit begin net voordat enige verandering plaasvind en dit hou aan tot na die verandering reeds plaasgevind het.

Is it immediately before the alteration of sound or had the sound already altered in terms of what I call becoming (30) softer and becoming somewhat depressed? -- Nee, dit begin

... / onmiddellik

onmiddellik voor enige waarneembare verandering aan die klank wat in die eerste deel gehoor

My Lord, I in the circumstances cannot cross-examine any further before that photograph has been examined by the expert. Firstly to work out whether it is what it purports to be and to interpret what it shows.

COURT : Well, ask the witness for the photograph and go on with a different subject in the meantime.

MR YACOOB : Is it possible - do you have any objection in handing in that photograph as an exhibit? -- Nee, ek het (10) geen beswaar daarteen nie. Ek het nou net nie afdrucke voorberei daarvan nie.

Are you prepared to let us have it during the tea adjournment to look at before we cross-examine you further on it.

HOF : Terwyl dit nou ingaan as 'n bewysstuk, laat ons dit eers 'n bewysstuknommer gee. Ek dink ons kan dit ABD(7) noem. -- Miskien sal dit goed wees om dit ABD(7)1 te noem, want daar kan dalk nog foto's wees wat die verdediging wil hê ek moet inhandig. (20)

MR YACOOB : You indicated to the Court, you showed to the Court in photographs 17 and 18 attached to ABD(3). These are again photographs a still segment round the digital endless loop and what it supposes to indicated is what you will see at the time when an Uher 4000 is switched off at the end of a process of placing a recorder over a pre-existing recording on a tape. Would you agree with that? -- Dit is korrek, ja. Dit is die deel waar daar uitgegaan word uit die maak van die nuwe stukkie opname en weer teruggegaan word in die deel wat oorspronklik op die band was. (30)

That is right. The hall-mark there is that because the

tape moves past the cleaning head before it moves past the recording head and because of the distance between the two at the stage when you switch off what one sees is a piece of clean tape which has already been cleaned and not yet recorded on? -- Dit is korrek, ja.

In other words, it has been prepared for recording. Do you agree with that? -- Dit is korrek.

You have given us no photographs of the beginning of the process of re-recording over a pre-existing recording. Is that correct? Do not tell us why. Just confirm whether (10) it is true or not, you have given us no photographs? -- Dit is korrek.

I want to try and establish what the beginning - what the consequences are of this distance between the cleaning head and the recording head at the beginning. Do you agree that if you have a pre-recorded tape in a tape recorder and before you have done any recording on it, the space between the cleaning head and the recording head would not be clean. Do you agree with that? -- Dit is korrek, ja.

Do you agree therefore that what would be happening (20) at the beginning of this process is this. A portion of tape which had not yet been cleaned or prepared for recording would pass in front of the recording head? -- Dit is korrek.

Would you agree that that portion before you do anything to it, that is the portion in front of the recording already and the portion between the cleaning head and the recording head had sound on it? -- n Mens kan vir die doel van die argument aanvaar dat daar op daardie deel klank opgeneem is.

So, what then happened is that you get a piece of tape corresponding to the distance between the recording head (30) and the cleaning head which passes in front of the recording

head without having passed before the cleaning head. Is that right? -- Dit is korrek, ja.

And although these distances differ and so on, would you agree with the fact that give or take .1 of a second either way and given the normal speed at which cassette players work, that distance translated in time terms would amount to approximately ,47 seconds, a little under half a second? -- Ja, dit kan wissel tussen n bietjie onder en n bietjie meer as n half sekonde.

I am quite happy to accept that. At the end of a (10) recording process, the effect is that you have approximately half a second then of clean tape on which there is no recording. That is the end of a recording over a pre-recording. -- Dit is korrek.

At the beginning of this process you have half a second of tape which passes before the recording head before it is cleaned? -- Ja, dit is korrek.

You agree that although this half a second piece of tape has not yet been cleaned - not yet been prepared for recording, the recording head does nevertheless have some (20) effect upon this half a second piece of tape? -- O, ja, dit is seker so. Ekskuus, ek moet eintlik antwoord dit is sekerlik so. Dit is definitief so.

Now we come to the difficult problem of describing that effect. Would I be correct in describing it a depression of the original recording, that is that the original recording before the new recording actually takes over, becomes softer and slightly distorted for approximately half a second before the new recording actually starts? -- Deel van die voorstel is korrek. Deel daarvan is nie korrek nie. (30)

Will you identify them, please? -- Eerstens moet daar

net duidelikheid oor gekry word dat die bespreking is van toepassing op 'n bandmasjien soos meeste van hulle is waar die wiskop fisies geskei is van die opneemkop. Ek noem dit omdat daar sekere bandmasjiene beskikbaar is waar daardie situasie nie geld nie.

Before you continue, there is no evidence of any such machine being involved insofar as this case is concerned. Do you agree with that? -- Ek kan nie verseker wees daarvan nie.

In relation to all the tapes that you have examined? (10) -- Die aanduidings wat ek het is dat in ten minste die een geval naamlik hierdie spesifieke een waarmee hier gewerk word daar 'n moontlikheid bestaan het dat die masjien wat gebruik was een van die tipe was wat nie 'n aparte wiskop het nie.

Carry on, please. -- Indien daar wel 'n aparte wiskop is, dan kry 'n mens dat die wiskop is die kop wat normaalweg die uitwissing doen van enige vorige opname op die band, maar ek het reeds voorheen verduidelik dat die opneemkop kry self ook 'n sekere hoeveelheid van dieselfde wisselspanning as wat aan die wiskop voorsien word. Dit word genoem voor-(20) spanning of in Engels "bias". Die effek van hierdie voorspanning is om self ook 'n opname wat op die band is gedeeltelik uit te vee en gelyktydig daarmee enige nuwe klank wat na die opneemkop gestuur word op die band op te neem. Daar is dus 'n situasie waar daar in so 'n geval vir 'n kort tydjie naamlik ongeveer 'n half sekonde 'n kombinasie kan wees van vorige opname en nuwe opname. Die ander deel van die oorspronklike vraag, naamlik vervorming op daardie punt dié stem ek nie mee saam nie, want die uitwisproses maak slegs die klank sagter, dit vervorm nie die klank nie. Dit ver-(30) oorsaak dus geen distorsie op die band nie. Wat egter wel

baie dikwels gebeur is dat op daardie punt waar die nuwe opname begin die opneemkop sekere sterk pulse op die band plaas wat afkomstig is van die elektroniese werking en hierdie pulse kan dan tesame met die res van die sein gehoor word op daardie punt en dit kan vir die ongeoefende persoon klink na distorsie of vervorming van die klanksein. Wanneer 'n mens, soos ek, al baie ossilloskoopstudies van sulke plekke gemaak het, dan leer 'n mens om met die oor te onderskei wat presies die situasie is, aangesien 'n mens dan op die ossilloskoop op die manier waarop ek dit analiseer baie duidelik (10) die elektroniese pulse kan sien.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K423

LEENDERT PIETER CHRISTIAAN JANSEN, nog onder eed

MR YACOOB : Your Lordship will notice that accused no. 4 is not in court. The trouble was that he developed bad stomach pains. I have not been able to identify whether it was during the tea adjournment or shortly before. He is going to be taken to the doctor. I took the liberty of advising him that there is no point in coming up and going (20) down again.

COURT : Yes, certainly.

CROSS-EXAMINATION BY MR YACOOB (continued) : Colonel, a number of questions arose out of your last answer. The first one is this. Do you accept that there are internationally accepted design standards in respect of cassette tapes on the one hand and cassette tape recorders on the other? -- Yes, I do accept that.

And do you accept also that the international design standard in respect of cassette tape recorders and I under- (30) stand that Philips had a great deal to do with the determination

of this design standard, has in it as a feature a separate erasing head and a separate recording head situated at that sort of distance apart that one normally gets in tape recorders? -- Ja, dit is korrek.

And do you accept that cassette tapes themselves, these containers, have to be made to the same standard because they have to have fairly precise sockets as it were into which each of these heads would fit when the tape recorder is put on? -- Ja, dit is korrek.

The kind of tape recorder which you are talking about (10) a cassette tape recorder where, as I understand it, the difference between the erase head and recording head is either defused or non-existent, can you tell us the make of that tape recorder please? -- Ek ken nie die modelnommer nie, maar ek weet Sanyo is die vervaardiger van sulke masjiene. Daar kan moontlik nog ander wees. Ek weet dat in sommige gevalle soos die masjien waarvan ek nou praat, daar in werklikheid geen wiskop bestaan nie. Al wat gebeur is dat die opneemkop gemodifiseer word sodat die voorspanning wat aan die opneemkop voorsien word sommer terselfdertyd ook die band skoon- (20) maak. Die skoonmaakmeganisme of die skoonmaakdoeltreffendheid van sulke bandmasjiene is nooit so goed as dié met 'n aparte wiskop nie.

To put it slightly more precisely then, is it correct that in the general sort of tape recorder that we talk of, in most tape recorders, the erasure head randomises magnetic particles while the recording head in a sense organises them? -- Ja, dit is die eindresultaat van wat gebeur, maar dit is nie die volle storie nie.

And what you are saying is that in certain tape recorders the randomising and organising takes place simultaneously

because there is only head doing both jobs? -- Dit is korrek, ja. Die verskil is dat die hoeveelheid sogenaamde "randomising" wat by die opneemkop plaasvind is veel minder as wat normaalweg by die wiskop sal plaasvind. My difficulty is that being essential different processes and they cannot happen absolutely simultaneously. -- Ek het nou ongelukkig nie spesifikasies by my van die spesifieke bandmasjiene waarin dit plaasvind nie, maar ek weet dat dit wel so gedoen word. Ek kan miskien ook net noem dat sommige van die mikrokassetbandopnemers wat beskikbaar is op die mark op dieselfde beginsel werk. (10)

My expert tells me that it can happen as well. Did you suspect that this particular tape we are now dealing with, EXHIBIT 6 was made, recorded, using a tape recorder which did not have a separate erase head? -- Ten tye van die maak van my analise het ek dit nie oorweeg nie, nee.

When did you begin to consider it? -- Dit was op 'n latere stadium toe ek 'n bandmasjien wat voorgehou was as heel moontlik die tipe wat gebruik was vir die maak van die opname, toe ek die bandmasjien deeglik bestudeer het. (20)

So, are you saying that this particular machine alleged to have made the recording, was made available to you for study?

MNR. JACOBS : Die getuie het nie so gesê nie. Hy het gesê wat moontlik 'n soortgelyke masjien kan wees.

HOF : Die tipe masjien.

MR YACOOB : Let us just get the time correct. That is my first objective. Was it before or after you compiled the report for court? -- Dit was nadat ek die verslag opgestel het. (30)

Before or after you gave evidence in court? -- Voordat

ek getuienis in die hof gegee het.

And was it not present to your mind when you presented the report in court? -- Ja, ek is bewus daarvan, ek was bewus daarvan, maar dit was nie, ek het dit nie nodig gevind om enige spesifieke opmerkings daaromtrent te maak nie.

Did you think that that factor was not material for your analysis? -- Nee. In hierdie geval het ek besluit dat dit nie belangrik is nie.

And do you still now think that it is not an important factor? Or do you think it is important to some extent? (10)

-- Dit kan belangrik wees, afhangend van wat 'n mens - wat se verskynsel 'n mens graag wil verklaar.

I can understand that questions of the view later might make it relevant. At this stage, are you of the view that it is relevant or are you of the view that it is not relevant or are you of the view that you do not know whether it is relevant or not? At this stage, let us leave aside what is going to happen in the future in this cross-examination? -- Op hierdie stadium is my gevoel dat dit waarskynlik nie belangrik is nie. (20)

Is the word "waarskynlik" intended to be a meaningful qualification or is it just a word you put in? -- Dit beteken dat ek volgens my kennis niks teëgekom het in die band en nog niks teëgekom het wat deur die verdediging aan my uitgewys is waarby ek voel dat dit belangrik is nie. Ek het dit genoem omdat in die bespreking, die teoretiese bespreking van sekere verskynsels op bandopnames dit wel 'n oorweging kan wees.

The question about your state of mind. At this stage are you sure that this recording was made with a tape (30) recorder which has a combined recording and erasure head or

is the position that you are not sure whether it was made with the one or the other? -- Ek is nie seker nie.

Do you think that the possibilities are even or do they fall significantly either way? -- Ons praat nou spesifiek van BEWYSSTUK 6 die Claremont band?

That is correct. -- Ek sou sê die waarskynlikhede is ewe. Ek het nog niks gevind wat spesifiek vir my kan aandui dat dit die een of die ander sal wees nie.

And from your own knowlede of directives given from head office and the pattern in terms of which purchases (10) of tape recorders are made, do you think that a tape recorder of this kind, with the same erasing record head, would have been used by the police? -- Ek kan dit nie sê nie. Ek kan net sê dat dit is moontlik. Daar is so n groot verskeidenheid van bandmasjiene wat gebruik word dat baie van die mense hulle bandmasjiene slegs ken as n Sanyo en glad nie n modelnummer daarby ken nie. In sulke gevalle sal die persoon wat die opname gemaak het, nie eers na die tyd verseker kan wees presies watter tipe bandmasjien hy gebruik het nie.

And as far as you were aware, police stations ought (20) to have proper stock sheets with or containing a full description including serial numbers of tape recorders and other equipment used and owned by a particular division? -- Ja, dit is wel so. Daar is plekke waar daar n sekere hoeveelheid sê byvoorbeeld tien bandmasjiene aangehou word en dan word volledige bandmasjiene daarvan natuurlik genoteer, maar wanneer n persoon n opname wil maak, dan leen hy n masjien en in sulke gevalle word daar nie genoteer presies watter masjien hy geleen het nie.

But of course the policeman could not use a machine (30) which is not in stock? -- Normaalweg sal hy dit nie gebruik

nie, maar ek het al baie gevalle gekry waar polisiebeamptes hulle eie privaat bandmasjiene gebruik.

And those private machines could be quite sophisticated. I put it simply as a possibility? -- Ja, enigiets is moontlik.

The symptoms of making a recording over a pre-existing recording as we have described them now, are symptoms which occur only when there are two heads. Is that right? That is the recording head and the erasure head with a distance between them? -- Ja, laat ons net sekerheid kry wat bedoel word. Daarmee word bedoel die effek dat daar 'n deeltjie (10) kan wees waar daar 'n stukkie van die vorige opname saam met 'n nuwe stukkie opname vir 'n tydjie voorkom op die nuwe band. Dit sal slegs in daardie gevalle gebeur. Dit is korrek.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor daardie halwe sekonde. Die heropname, is dit duidelik of hoor 'n mens nog die eerste opname of is dit 'n verwarrende klank sodat jy niks kan uitmaak wat daar gesê is nie? -- Dit sal geheel en al afhang van die klanke wat teenwoordig was op daardie stadium. Met ander woorde, dit wat op die band was en die nuwe gedeelte wat nou daar op geplaas word. AS albei byvoorbeeld spraak (20) was en dit was omtrent ewe hard, dan sal 'n mens waarskynlik die situasie kry dat jy nou net 'n deurmekaarspul hoor en nie kan uitmaak wat gesê word nie, maar as die een klank byvoorbeeld net fluitgeluid was en die ander is net spraak, dan sal 'n mens die twee apart kan hoor. Die meer normale situasie, soos ek dit teëgekome het, is dat tipies bestaan een van die klanke net uit agtergrondgeluide en die nuwe klank is spraak, sodat 'n mens in daardie gevalle net 'n kombinasie kry van twee tipes klank, naamlik agtergrondgeluide en spraak sodat 'n mens dan wel nog die spraak kan hoor (30) daar en wel nog iets kan hoor van die agtergrondgeluide.

This bias that you talk of which comes into existence once you start recording, this comes into existence as a result of - not as a result of, but it is a factor which results in the operation of the recording head as I understand it. Is that correct? -- Dit is korrek, ja. Ek kan miskien net nog iets noem wat op hierdie stadium van belang is en wat 'n rol kan speel en dit het daarmee te doen dat baie vervaardigers hulle bandmasjiene so maak dat die bandmasjien nie kan opneem vir omtrent 'n half sekonde nadat hy in die opneemtoestand geskakel is nie en dit veroorsaak dat in baie (10) gevalle mens nie die situasie kry van 'n stukkie opname bo-oor die vorige of gelyktydig nie, want die opneemkop se effek word teruggehou doelbewus vir 'n tydjie om seker te maak dat wanneer hy begin werk is dit alreeds op skoon band.

That is just another variable with which you have to contend? -- Dit is korrek, ja.

You were talking about this bias. Do you accept that in most tape recorders it takes half a second or may be a little more than that for this bias to build up to sufficiently acceptable standards from the time the machine is put on? (20) -- Dit hang baie nou saam met my - met die verduideliking wat ek so pas gegee het dat daar 'n tydsvertraging is van ongeveer 'n half sekonde totdat die opneemkop begin werk. Daarmee stem ek saam. Wat wel nie korrek is nie, is dat dit die "bias" 'n half sekonde neem om ordentlik aan die gang te kom. Wat gebeur is dat die "bias" sisteem word doelbewus teruggehou vir 'n tyd lank. Wanneer dit egter operatief gemaak word, dan neem dit net slegs enkele mikrosekondes om volledige operasioneel te raak. Dit sal in ieder geval normaalweg minder as een millisekonde wees. (30)

What about the sort of tape recorder where this is not

... / this

this half a second delay in the operation of the record head?
-- In sulke gevalle sal h mens een of ander tydsvertraging ondervind te wyte aan die elektroniese werking binne-in die bandmasjien waartydens die opneemkop hoofsaaklik onaktief is. Dit werk so dat krag stelselmatig toegevoeg word aan verskillende dele van h bandmasjien en wanneer die "bias" meganisme krag kry, dan begin dit redelik vinnig werk. Ek het nog nooit h situasie ondervind waar daar h geleidelike toename is in die sterkte van die "bias" of dat dit h volledige operasionele sterkte bereik nie. Wat ek gevind het (10) is dat die "bias" nie bestaan nie en dan skielik binne h kort tydjie volle waarde bereik.

Let us get back to the sound that we were listening to before or until you produced the photograph and that is the sound from 005 to 007. In our view the sound that one hears is divisible, that is one second, into a number of segments and if you will please get to microphone, we will ensure that that is played for you a segment at a time. In other words, that interruption can be split up into a number of clear phases and I will now play for you a first phase of (20) that sound and stop it at the end of that first phase so that we can describe it. (Bandopname word gespeel) The counter number is still 007. That is the first phase of that interruption. From the beginning of the interruption until the time I stopped it, it lasts approximately between ,3 and ,4 seconds. That is the phase to which I refer where the sound becomes softer. Would you like to listen to that again, just that phase before you answer the question? -- Goed, ek sal weer daarna luister. (Bandopname word weer eens gespeel)

That is all that we are listening to at the moment. (30)
Did you hear approximately ,3 seconds before I put the sound

off, that the sound actually went softer, got somewhat distorted and there was a distinct click in that little piece? Die klikgeluid waarna daar verwys is, hoor ek duidelik. Daar is n klikgeluid daar.

The softening of the background noise, did you hear that? -- Dat die agtergrondklanke sagter raak, is glad nie vir my duidelik nie. Dit is natuurlik so dat die bandopnemer in hierdie geval afgeskakel is en as gevolg daarvan het die klank natuurlik verdwyn, maar ek weet uit ondervinding dat n mens vreeslik maklik n verkeerde interpretasie kan gee (10) van sulke klank in die teenwoordigheid van n klikgeluid soos wat hier voorkom en daarom stem ek nie saam, wel, ek hoor dit nie en ek stem nie saam dat die agtergrond spesifiek sagter word op daardie punt nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat daardie agtergrondklanke in ieder geval wissel in sterkte en daarom moet daar gekonsentreer word in so n geval op die wat ek sou noem agterliggende deurlopende agtergrondgeraas en dit is die deel wat ek nie kan saamstem dat dit sagter word nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : U sê die klikgeluid is die af- (20) skakeling van die masjien? Het ek u reg verstaan? -- Dit het ek nie gesê nie. Ek het gesê daar is n klikgeluid, maar in my ondervinding kry n mens dikwels dat n klikgeluid kan op n bandmasjien geplaas word voordat die masjien werklik afgeskakel word. Met ander woorde, dit is iets wat later bykom of bykom ten tye van die maak van die opname. Dit is nie altyd seker presies wat dit is nie, maar in hierdie geval is die klikgeluid nie die finale afskakeling nie. Daardie eerste klikgeluid is n geluid wat geplaas is op die klank waarskynlik as gevolg van die meganisme wat geaktiveer is (30) om die band te laat stop, maar die masjien het nog nie gestop

... / nie

nie.

Sal of kan h mens so h klikgeluid hoor by die aanskakeling van h masjien in die geval van sê h heropname? -- In sommige gevalle. In ander gevalle nie. Byvoorbeeld in gevalle waar die masjien aangeskakel word op die "leader" gedeelte van h kassetband. Daar sal sulke klikgeluide geplaas word op die deel van die band waar daar niks opgeneem word nie. Gevolglik in sulke gevalle sal h mens niks waarneem nie. Indien dit plaasvind op die deel wat welkan opneem, is dit normaal dat sulke geluide wel waargeneem kan word indien die band- (10) opnemer wat gebruik word, wel sulke geluide veroorsaak.

MR YACOOB : To determine the precise cause of that click you will have obviously to have access to the machine used to make the recording? -- Ja, meer as dit. Ook die omstandighede moet bekend wees en daarby dink ek aan die situasie dat dit bekend moet wees of daar h eksterne mikrofoon of miskien h radiomikrofoon gebruik is of die bandmasjien se eie interne mikrofoon. In hierdie eerste gedeelte van die opname op hierdie band lyk dit vir my moontlik dat die opname gemaak is met die bandmasjien se ingeboude mikrofoon. In so h (20) geval wanneer h mens die bandmasjien wil afskakel, dan kry h mens altyd eerste die klikgeluid as gevolg van die fisiese aanraking van die hand met die knoppie wat gedruk gaan word om die bandmasjien te stop. Dit veroorsaak klink wat deur die mikrofoon opgetel word terwyl die masjien nog nie gestop is nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Verstaan ek u reg, dit is nie die aanraking van die vinger op die knoppie nie, maar die knoppie self wat klik voordat hy die krag onderbreek? -- Al twee van daardie meganismes kan voorkom. In baie gevalle kan h (30) mens dit apart onderskei. Die belangrikste is egter die

... / effek

effek van die druk van die knoppie. Die knoppie word gedruk met 'n klikgeluid. 'n Mens kan dit hoor fisies en die bandmasjien reageer nie onmiddellik nie. Die bandmasjien hou nog vir 'n klein tydjie aan opneem. Daar is sekere vertragingsmeganismes wat veroorsaak dat hy nie dood stop nie, dat hy nog vir 'n klein tydjie sal aan speel. Dit wissel natuurlik van bandmasjien tot bandmasjien.

MR YACOOB : You are perfectly clear then that, as I understand you, that the recording on this tape recorder, on this tape before the speech in fact begins, was made by use of the (10) microphone attached to the tape recorder. -- Ek het gesê ek vermoed dat dit is wat moontlik gebeur het. Ek kan nie vir seker wees dat dit wel so is nie.

HOF : Wat sê u vermoed u het gebeur? -- Ek vermoed dat daardie eerste stukkie opname van agtergrondgeluide gemaak is met die mikrofoon wat aan die bandmasjien self vas is en dat die res van die opname gemaak is met 'n radiomikrofoonsisteem. Dit sou dus beteken dat die twee klankbronne wat op die band is, naamlik in die eerste geval die eerste stukkie wat opgeneem is op 'n heel ander plek geplaas kan wees, naamlik op die (20) plek waar die bandopnemer self gestaan het, maar dat die ander opname van die toesprake gedoen is via die radiomikrofoonsisteem en dat dit dus klanke bevat vanaf die saal waarin die toesprake gehou is.

Kan ek net duidelikheid kry. Wanneer 'n mens die radiomikrofoon inprop skakel dit dan die werking van die eie mikrofoon uit van die bandopnemer? -- Ja.

Jy kan hulle nie albei hê nie? Dit is of die een of die ander een? -- Die bandmasjiene word almal so gemaak. Daardie tipes. Hulle is almal standaard soort. Die oomblik(30) as 'n eksterne klankbron ingevoer word, soos 'n radiomikrofoon

dan word die interne mikrofoon ontkoppel.

As h mens nou die masjien aan die loop het en hy neem op sy eie mikrofoon op en jy prop dan, terwyl dit begin het die buite mikrofoon in, die radio mikrofoon in, sou dit ook h sekere steuring of klank of klikgeluid veroorsaak, die inpropaksie? -- Dit sal definitief sekere steurings veroorsaak, sekere klikgeluide. Die eerste daarvan is die kontak van die proppie wat ingedruk gaan word met die bandmasjien. Daardie sal h akoestiese klank veroorsaak wat dan deur die mikrofoon opgetel sal word en dan wanneer die mikrofoon verder inge- (10) druk word en die ontkoppeling van die een en die koppeling van die ander mikrofoon plaasvind, sal daar gewoonlik ook h klein klikgeluid wees, maar nie noodwendig nie.

Kan so iets hier opgetel word of nie? Is dit iets wat u kan bemerk hier? -- Nee, die effekte wat ek op hierdie punt waarneem is effekte daarvan dat h bandmasjien gestop is en dat dit weer op h sekere stadium aangeskakel was.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Kan u vasstel of die klank voor die spraak begin, deel is van daardie opname of kan dit h oorblyfsel wees van h vorige opname op daardie band? -- Ek is (20) oortuig daarvan dit is h oorblyfsel van h vorige opname, maar nou moet ek kwalifiseer dat ek weet nie hoe lank voor die tyd daardie vorige opname gemaak was nie. Dit kan wees dat iemand net die masjien wou toets vir h paar minute voordat hy oorgeskakel het na die radiomikrofoonsisteen, of dit kan wees dat dit iets is wat h dag of twee vantevore opgeneem was, maar ek is wel oortuig dat daardie opname voor die tyd gemaak is en dat iemand na die tyd geluister het na die band om seker te maak daar is klank op die band, miskien het hy getoets en gesien daar is klank op die band, toe die masjien (30) gestop het en daarna op die regte tyd weer die masjien aan

... / die

die gang gesit het om die nuwe opname op te neem wat hy wil opneem.

MR YACOOB : I want to return to the possibility, let us get some clarity as to the extent of the possibility that this tape recording the first part was made from or by use of a microphone attached to the tape recorder. I want to put three propositions to you.

COURT : Attached not to the tape recorder, being part of the tape recorder.

MR YACOOB : Being part of the tape recorder. Sorry, I (10) want to put two propositions to you. The one is are both possibilities equal, that is the possibility that it was made, the recording was made with the tape recorder microphone and the other possibility is that it as made by a radio microphone, by use of a radio microphone system? Are those two possibilities even or would you say that the weight falls significantly onto either side? -- Op daardie punt moet ek so antwoord, dat dit sekerlik nie die radiomikrofoon kon gewees het wat in daardie geval gebruik was nie. Daar is 'n moontlikheid dat dit wel 'n radiomikrofoon was, maar dat (20) die omstandighede dan anders was as dié wat hier gegeld het en ek sal verduidelik waarom ek dit sê. Onmiddellik wanneer die tweede gedeelte van die opname begin wat die toespraak bevat kan daar steurings van die radiomikrofoonsisteem gehoor word. Hierdie steurings is deurgaans in 'n mindere of 'n meerdere mate hoorbaar op die bandopname. Sulke steurings is egter geheel afwesig op die eerste stukkie van die opname. waar daar slegs die agtergrondgeluide is. Dus, 0 en nog 'n verdere opmerking wat ek wou maak is dat die indruk wat ek kry van die klank in die eerste deeltjie met die agtergrond-(30) geluide is dat daar heeltemal geen beweging plaasvind van die

mikrofoon self nie. Wanneer h mikrofoon beweeg word, soos byvoorbeeld wanneer die persoon waaraan h radiomikrofoon-sendertjie gekoppel is beweeg, dan is daar sekere waarneembare veranderings in die klankpatroon wat hier afwesig is. So, die waarskynlikheid dat dit h vaste mikrofoon is en dan heel waarskynlik die ingeboude mikrofoon van die bandmasjien is vir my baie groter as dat dit h radiomikrofoon was.

In terms of the acoustic contents of that sound, all of the sound at the beginning of the tape, until the speech begins, we have already agreed I think in general terms (10) that firstly the sound is an indoor sound. In other words it is some sort of confined space, let us leave any object out for the moment. Do you agree with that? -- Dit hoef nie net binnenshuis te wees nie, maar daar is eggos teenwoordig, so dit is in h plek, byvoorbeeld h gangetjie tussen geboue sou moontlik dieselfde tipe van effek kon veroorsaak het.

But when you speak in a motor-car for example you get no echos if my experience is correct, in a normal size motor-car, let us say in any motor-car? -- Ja, spraak (20) binne-in die kar sal nie die eggos hê nie, maar spraak wat buite die kar ontstaan en dan aangedra word na die mikrofoon wat binne-in die kar is, sal wel sulke eggos bevat.

But the car would then have to be parked in some sort of enclosed space perhaps with the tape recorder outside the car? -- Ja, met die bandmasjien buite die kar sou h mens dit kan kry of met h bandmasjien naby aan h oop venster sou ook h mens dit ook kan kry.

What distance do you envisage by the concept "near", that is near the motor-car window in this context? -- Ek (30) sou sê minder as h halwe meter.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Sal h mens die eggo of resonansie kry as die motor in h oop plek staan ver wyder van geboue?
-- Die resonansie in die eggos word veroorsaak op die ander klanke wat h hele afstand daarvandaan af plaasvind. So, wanneer die klank naby die motorkar kom, is die klank reeds klank plus eggos en so kan h mens h situasie kry waar klank plus eggos by h kardeur kan inkom. Ek sê nie dit is wat gebruik het nie. Ek sê dit is die soort van situasie wat ook sou kon gegeld het.

MR YACOOB : I would like you to express some opinion on (10) this echo particularly in relation to whether it could have been recorded from inside the motor-car. I would like you to listen to this portion again, specifically looking at two things. One is the nature of the echo in relation to whether it could take place inside the motor-car ... (Court intervenes)

COURT : Just a moment. What you are putting to the witness the witness has said that the echo cannot originate inside a motor-car, originating outside the motor-car but being recorded inside the motor-car. (20)

MR YACOOB : That is correct. That is the one point. The other point I would like you to consider carefully is whether there are actually such changes in the acoustic and the background noise as to create the impression that there are actually two or different or three different environments which are contemplated in that sound? I would like you please to listen to this section again with simply those possibilities in view. -- Daar is eers gesê ek moet kyk en nou moet ek luister. Ek is nou nie seker of ek albei moet doen nie.

I would like you to decide whether you want to listen (30) if you want to look or if you want to listen and look or

... / whatever

whatever?-- Goed, ek sal so maak. Ek sal net luister.

(Bandopname weer eens gespeel)

It stopped again at 007. -- My indruk van die eggos wat daar voorkom is dat die plek waar die eggos veroorsaak het minstens 'n semi-geslote ruimte sal wees, nie 'n oop gedeelte soos byvoorbeeld tussen twee mure van 'n gebou nie.

But with reference to whether that sort of echo could be picked up in a recording made from inside the motor-car? -- Daaroor kan ek my nie anders uitlaat as deur te sê dit is moontlik nie. Die ander aspek wat genoem was, verande-(10) rings in die eggopatroon of akoestiese klank, kan ek nie sê dat ek enigiets daarvan waargeneem het nie. My indruk is dat dit geheel en al dieselfde omgewing is, maar dat daar natuurlik verskeie stampgeluide en klikgeluide en sulke goed is wat daar voorkom in daardie tydperk. Ek het 'n stampgeluid gehoor wat moontlik 'n deur kan wees wat toemaak, maar ek kan nie seker wees dat ek hoor dit as 'n deur wat toemaak nie.

Play it again and stop it immediately after the door closes, where I think the door closes? -- Ek dink miskien sal dit beter wees as u net u hand ophig op daardie stadium(20) en dit 'n bietjie laat verbyspeel. Met ander woorde met die hand aandui waar die plek is wat u na verwys.

I am quite happy with that. I am playing from the beginning of the tape. (Bandopname word weer eens gespeel) It is the second time I lifted up my hand. The counter number is 006. Would you like to hear that sound again before you comment on it? -- Nee, ek het dit gehoor. Ek het ook gesien watter deel u aandui en ek is tevrede dat ek niks kan byvoeg by wat ek voorheen gesê het nie, dat ek hoor 'n stampgeluid, so kan ek dit beskryf, maar daar is geen (30) manier waarop ek kan sê dat ek dit in verband kan bring met 'n

deur wat toegemaak word nie. Ek kan net sê dit sou sekerlik nie 'n motorkardeur wees wat toegemaak word nie.

I agree with you. Again sorry, but every time you talk about possibilities I need to clarify in the same way - you know the sort of clarification I always require about possibilities. Could you clarify it, please? -- Ek is nou seker waarna u verwys nie.

COURT : We do not know what you always require, Mr Yacoob. You have not been here long enough.

MR YACOOB : When you talk about the fact that you hear (10) the sound and that there is a possibility of a door closing, there are two possibilities there, the one is that it is a door closing, the other is that it is some other sound. Again, would you regard both those evenly or would the scale fall on the one side or the other significantly? -- Nee, ek sou sê dit sal oorweldigend hel na 'n ander klank, anders as 'n deur wat toegemaak word.

COURT : It is recorded that accused no. 4 has returned.

MR YACOOB : I want to return - before I return to another part of your answer, you make a clear distinction in your (20) analysis between an "aan/af skakeling" on the one hand and the process of placing a recording for a short space of time over a pre-existing recording. I leave out for a short space of time, but you make a clear distinction between "af/aan skakeling" on the one hand and a process of recording sound over pre-existing sound on a tape on the other hand. Am I correct in that? -- Ja, ek maak 'n verskil tussen daardie twee gevalle en die groot onderskeid daarin is op die manier waarop ek dit aangedui het in my notas soos in ABD(6), die verskillende dele, is om aan te dui dat daar ek sê daar (30) is 'n opname bo-oor 'n vorige opname, dan beteken dit dat voor

... /hierdie

hierdie gebeurtenis en na hierdie gebeurtenis, dit dieselfde oorspronklike opname is wat voortgaan. Ek praat van h af/aan onderbreking. Dan is daar geen aanduiding van hoeveel tyd verloop het tussen die tyd dat die bandmasjien afgeskakel is vir die eerste opname en wanneer dit weer aangeskakel is vir die volgende deel van die opname nie.

And my definition, as far as you are concerned and if I read your reports properly, an "af/aan skakeling" is in fact the situation where the tape recorder is in the record mode , is put off while in the record mode, in other words, (10) the record mode is disengaged by using the stop button as opposed to the pause button, thereafter using the switches on the recorder afresh after a passage of - an amount of time which is impossible to determine to switch the machine from the stop position back into the recording mode. Is that right? -- Ja, dit is wat normaalweg sal gebeur met h uitsondering wat ek onder dieselfde terme sou beskryf vir die doel van hierdie verslag en dit sou h situasie wees waar daar h eerste opname is wat argumentshalwe vir twee minute lank duur, maar vanaf h punt argumentshalwe een minuut vanaf (20) die begin word die bandmasjien geplaas en van daardie punt af aangeskakel om van daardie punt af weer op te neem vir h tyd wat dan meer sal wees as die oorspronklike een minuut wat nog oorgebly het van die eerste opname. Die beginsel is dus dat h af/aan onderbreking, soos ek dit beskryf het, sou die situasie kan insluit van waar daar voorheen h opname gemaak is, daar word na die tyd normaalweg gespeel oor daardie opname tot op h sekere punt binne-in daardie opname, op daardie punt word die bandmasjien gestop en van daardie punt af word die bandmasjien dan op h onbekende tydstip in die opneem- (30) situasie geplaas.

So, the essential difference between what I put to you and your answer is that "af/aan skakelings" kan also include the situation where the machine is put off while in a play mode in the middle of a recording? -- Dit is korrek, ja.

Is it correct that you can play a recording a number of times, put it off in the play mode again and again and again at different portions of the tape, because you are listening to it in a stop/start fashion, the sort of thing people do when they are transcribing something? -- Dit is korrek, ja. (10)

Those occurrences - there is a separate occurrence of the machine put off - will never be picked up on any oscilloscope, would never give rise to any extra sound on the tape except perhaps in very exceptional circumstances of which perhaps I would be totally unaware? -- Ek kan nie help om te dink wat sê "Never say never" nie.

Would you understand the proposition? -- Normaalweg.

